

1 Januarie 2014

Skrifgedeelte: Lukas 2:13-20
Fokusgedeelte: Lukas 2:14

Aan God alleen die eer en heerlikheid (Nuwejaar)

'n Mooi en treffende intrede tot die nuwe jaar is om te begin met die koepeldoel: "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde in die mense in wie Hy 'n welbehag het! (Luk. 2:14).

Die verhaal van die engele en hulle lofprysing weerklink van musiek en dit inspireer komponiste al meer as 2000 jaar lank. Dit vorm ook die vertrekpunt van baie eietydse koorwerke, tradisionele Kersliedere en ou liturgiese korale.

Wat 'n aankondiging is dit nie! Die grootste gebeurtenis in die ganse geskiedenis het pas plaasgevind! Die Messias is gebore! Baie eeue lank is hiervoor gewag. En toe dit eindelijk gebeur het, is die nuus aan nederige skaapwagters vertel.

Die *Goeie Nuus* van Jesus is dat Hy na almal toe kom, ook na doodgewone mense. Wie jy ook al is en wat jy ook al doen – jy kán Jesus in jou lewe hê. Jy het nie buitengewone eienskappe of kwalifikasies daarvoor nodig nie. Hy aanvaar jou net soos jy is.

Sommige van die Jode het verwag dat die Messias hulle van die Romeinse oorheersing moes bevry, terwyl ander verwag het dat Hy hulle van fisieke probleme moes bevry. Jesus het wel van siektes genees, maar ook van sonde bevry en sodoende iets van die koninkryk van God sigbaar gemaak. Hy het al hulle verwagtings oortref.

Mense stel dikwels hulle eie agenda vir Jesus op en verwag dan nie veel meer as dit van Hom nie. Sy werk strek veel verder. Hy het immers die prys vir die sonde betaal en vir ons die weg na God geopen. Hy bied meer as oppervlakkige politieke of fisieke veranderinge aan ons. Hy bied aan ons nuwe harte en nuwe lewe wat tot in ewigheid sal wees en wat die vernuwning van alle lewenssterre moontlik maak.

Sing: Skriberyming 1-2:1, 2, 3

Dr PW (Pieter) Bingle (Emeritus Kaapstad)